



OLIESADE-OORSIG

Hoë internasionale produksievlakke plaas pryse onder druk

– 13 Julie 2013

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

In die internasionale mark word die nuwe sojaboonoes grootliks beïnvloed deur weersomstandighede in die VSA en die ou oes sojaboonmark reageer grootliks op faktore soos knap voorraadvlakke en sterk vraagdrywers.

Dit kan gesien word in **Grafiek 1**: Die ou oes toon nog 'n stygende tendens teenoor die nuwe oes wat meer neig na 'n daling.

Uitvoere vanaf Brasilië, Argentinië en Paraguay vir die periode van Maart tot Junie, was 28% hoër as die vorige jaar asook hoër as die vyf jaar gemiddeld. Dit het veroorsaak dat die Suidelike Halfrond die daling in VSA

uitvoere gesubsidieer het. Dit het ook die bekommernisse van 'n produksie-oorvleueling verklein tussen die Suidelike Halfrond en die nuwe VSA produksie.

Die fundamentele inligting vir die nuwe sojaboonoes neig steeds om baie beeragtig te wees. Daar is nietemin in die toekoms die moontlikheid vir weerverwante pryssspronge. Volgens die agtste Julie-oesvorderingsverslag van die USDA, is 95% van die plante reeds op – slegs 2% laer as die vyf jaar gemiddeld.

10% het reeds geblom en die huidige plantstatus is 55% goed, 27% billik en 12% uitstekend. Alhoewel dit baie goed lyk, moet 'n mens in gedagte hou dat die aanplantings baie laat was en dit kan maklik opbrengsprobleme veroorsaak. Die wêreld-oliesaadproduksie is voorspel op 492,9 miljoen ton vir 2013/2014. Die wêreldvoorraad vir sojabone is voorspel op 'n vlak van 285,9 miljoen.

Wat grondbone aanbetref het die wêreldmark dié seisoen baie gesukkel as gevolg van die daling in uitvoere vanaf Indië en Argentinië. Selfs met 'n sterk styging in VSA uitvoere, het dié drie lande 7% minder uitgevoer as die vorige jaar vir die tydperk Oktober 2012 tot Maart 2013.


Die uitvoere vanaf Indië het met 40% gedaal, grootliks as gevolg van regeringsinmenging rakende uitvoerlisensies. Die VSA uitvoersyfers het meer as verdubbel vir dieselfde tydperk tot 'n vlak van 307 000 ton.

Dit het veroorsaak dat pryse amper halveer het. Die verwagting is dat die uitvoere sal daal in die 2013/2014-seisoen, grootliks omdat die VSA aanplantings met byna 'n


TABEL 1: VRAAG EN AANBOD-SYFERS VIR SONNEBLUM EN SOJABONE (TON).

	Sonneblom		Sojabone	
	2012/2013	2013/2014	2012	2013
	Werklik	Skatting	Werklik	Skatting
Aanbod				
Openingsvoorraad	182 200	114 400	306 100	175 900
Produsentelewerings	624 900	565 500	623 900	772 250
Invoere	28 300	11 000	300	5 000
Surplus	3 667	3 000	3 100	2 500
Totale aanbod	839 067	693 900	933 400	955 650
Vraag				
Verwerk	700 000	584 200	58 400	747 000
Menslik	1 233	1 200	27 000	27 000
Dierlik	3 067	3 000	14 700	140 000
Pers (olie en koek)	695 700	580 000	412 300	580 000
Onttrek produsente	2 600	2 500	4 600	4 000
Eindverbruiker	3 700	2 950	3 400	1 000
Saad vir plantdoeleindes	2 300	2 300	5 700	5 500
Netto ontvang(-)/stuur(+)	-1 133	500	2 300	700
Tekort				
Uitvoere	33	65	157 500	30 000
Totale vraag	707 500	592 515	757 500	788 200
Eindvoorraad	131 567	101 385	175 900	167 450
Verwerk per maand	58 333	48 683	48 700	62 250
Maande voorraad	2	2	4	3


Bron: NAMC




Grafiek 1: CBOT-pryse vir sojabone (\$/skepel).
Bron: CBOT



Grafiek 2: Euro/dollar-wisselkoers.
Bron: Reserwebank



Grafiek 3: Plaaslike sojaboonprys en rand/dollar-wisselkoers.
Bron: Safex en Reserwebank



Grafiek 4: Plaaslike sonneblomprys en rand/euro-wisselkoers.
Bron: Safex en Reserwebank

derde gesny is. In Argentinië is daar net beperkte geleenthede vir uitvoere, teenstrydig kan Indië se uitvoersyfers styg weens gunstige oesvoorsigte.

Internasionale verhandelars voorspel dat die pryse van sonneblom- en kanolasaad ook onder druk kan kom weens die groter verwagte Europese Unie voorrade en die moontlikheid dat die wêreldproduksie van die sewe belangrikste oliesade wêreldverbruik met 13 miljoen ton kan oorskry.

Plaaslike mark

In Juniemaand is die eerste amptelike vraag en aanbod-syfers gepubliseer deur die Graan en Oliesade Vraag en Aanbod Skattingskomitee. Volgens die verslag is geskat dat die Suid-Afrikaanse totale aanbod vir die 2013-bemarkingsjaar 955 650 ton gaan wees en die totale vraag 788 000 ton gaan wees.

Dit gee 'n eindvoorraad van 167 650 ton, met 'n maandelikse gemiddelde prosessering van 62 250 ton is die reserwe voorraad geskat op 2,69 maande vir die bemarkingsjaar (Tabel 1).

In terme van sonneblomme is die totale aanbod 694 000 ton, totale vraag 592 000 ton en die eindvoorraad 102 000 ton. Die reserwevoorraad gegewe 'n verwerking van 48 683 per maand is geskat op 2,08 maande vir die bemarkingsjaar.

Die Suid-Afrikaanse pryse is baie ondersteun deur die wisselkoers wat op redelike swak vlakke gebly het die afgelope maande (Grafiek 2). Die rand het sedert die begin van die jaar met 18% verswak teenoor die dollar en 14% teenoor die euro. Grafiek 3 en Grafiek 4 dui aan hoe die wisselkoers pryse beïnvloed het. Die wisselkoers is afhanklik van die buitelandse ekonomieë asook die binnelandse ekonomieë. In terme van die

VSA lyk dit of die dollar wil stabiliseer ná al die fiskale veranderinge.

In Suid-Afrika is die rand nog baie wisselvallig en dit is weens verskeie redes: Politikusse begin hul veldtogte vir die verkiesing; arbeidsonrus in verskeie industrieë, hoofsaaklik die mynweese; en swak ekonomiese groei.

Dit beteken dat die pryse volatiel gaan bly totdat die wisselkoers gestabiliseer het. Pryse kan beweeg na 'n beerfase soos die internasionale mark nader aan oestyd beweeg. Die VSA oes hul sojabone van September tot Oktober en die groot maat van die Europese sonneblomproduksie word reeds in Augustus begin oes.

Dit sal baie belangrik wees om weersomstandighede in die VSA noukeurig dop te hou vir pryspronge indien geen voorrade reeds geprys is nie. ■

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.